

Belasting van inkomste uit rente relatief hoog

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag kortliks na 'n vraag van 'n leser oor die belasbaarheid van rente.

Hy vra: As 'n persoon geen ander inkomste het as rente nie, van watter bedrag af is die rente belasbaar? “Ek is bewus van die R34 500 rente wat vrygestel word. Wat van die drempel van R78 150 inkomste wat 'n persoon kan verdien voor belasting. Kan die rente-inkomste nou R112 550 wees voor belasting?”

Ek is nie seker in watter ouderdom-kategorie die leser val nie, want die rente-vrystelling wat hy noem (R34 500), geld mense tussen 65 en 75 jaar oud (vir dié onder 65 is dit R23 800). Die belastingdrempel van R78 150 waarna hy verwys, geld mense onder 65 jaar (terwyl die drempel vir mense tussen 65 en 75 jaar R121 000 is en vir diegene ouer as 75 is dit R135 000).

Ek noem dit ter agtergrond. Kom ons kyk nou hoe jou belasting bere-

ken word. Jy begin met bruto inkomste. Dit sluit in alle bronne van inkomste soos beleggings (uit rente en huur), salaris, bonus, kommissie en so meer. Hiervan trek jy af alle vrystellings (waaronder die rentevrystelling soos hierbo genoem).

Nou eers het jy inkomste. Hiervan trek jy dan af alle toelaatbare aftrekkings en tel dan hierby jou belasbare kapitaalwinst en dit gee vir jou belasbare inkomste (ietwat vereenvoudig hier). Op hierdie bedrag, jou belasbare inkomste, word die inkomstebelasting skaal toegepas om vir jou jou belastingbedrag vir die jaar te gee.

Hierna is daar nog die belastingkorting wat afgetrek moet word, R14 067, plus nog R7 713 as jy bo 65 is en as jy bo 75 is 'n verdere R2 574. Die bedrag wat oorbly, is wat jy vir Jan Taks moet gee.

As jy dus net rente (uit Suid-Afrikaanse bronne) ontvang het, is daar 'n veel hoër bedrag as die vrystellingsbedrag wat aan jou uiteindelik op 'n belasting-nul kan uitbring. Doen maar self die somme met die syfers hierbo soos op jou van toepassing.

Wat my bring by die vraag, hoekom al jou geld in rentedraende instrumente belê? Oor tyd - en beleggings is 'n langtermyn-storie - lewer rente 'n beteuterde opbrengs. En as ons net kyk na belasting, soos hierbo bespreek, gaan jy, as jy begin betaal, be-

lastig op die rente betaal teen jou marginale koers.

As jy 'n deel in aandele (die grootste deel, afhangend vir hoe lank die termyn van jou belegging is) belê, sal jy ook dividend-inkomste kry. Dit word teen 20% belas (dit is 'n terughoubelasting). En kapitaalgroei, in die geval van individue, waarop jy 'n kapitaalwinstvrystelling van R40 000 per jaar kry en uiteindelik belas word teen 'n maksimum koers van 18%.

Vergelyk hierdie twee belasting met die minimum belastingkoers van 18% vir individue. Die boonste perk vir dié koers is R195 850. Op die bedrag bo dit is die belasting al 26% en so styg dit in skaal-kategorieë tot by 45%.

Stel jou voor jy kry, sê maar, 7% rente en daarvan moet jy, sê maar, 35% belasting aan Jan Taks afstaan, is jou groei net 4,55% en kom jy nie eens by inflasie nie.

My raad? Beperk jou blootstelling aan rentedraende instrumente en kry 'n kundige beleggingsbeplanner om vir jou sinvolle beleggings te doen.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**